


**The advertisement in the HQ Magazine / Issue 57**

## 10. Contact details

Thank you for reading the Percheron News. A Special thank you to all the members who contributed to this edition. For any information required, comments or news please forward it to the Secretary or Editor.

**PROSPEROUS NEW YEAR!!!**
Next edition: **March/ April 2011**
**Editor: jengelbrecht@vodamail.co.za**

President: Jan Engelbrecht
082 855 7633

Vice-President: Klaas van Wyk
082 446 8613

Temporary Secretary:
Johan Henning
084 514 6274 /sapercheron@gmail.com

Indien lede perde te koop het, laat weet asb die kantoor. Talle navrae word van voornemende kopers ontvang. E-pos: sapercheron@gmail.com

**Belangrike datums — Important dates**

18 Februarie 2011- Gauteng Provincial Percheron In-hand Championship at HOY 2011
19 February 2011- Percheron Horse Breeders Society- Information clinic at Summerwind Farm
23-25 September 2011– World Percheron Congress in France






# PERCHERON Nuus ~ News

**"Life's biggest challenge is deciding what is important and then disregarding the rest"-- Unknown**

## Uit die Redakteur se pen

**Voordat 2010 sy laaste asem uitblaas is dit vir my aangenaam om die laaste Nuusbrief vir die jaar die lig te laat sien. 2010 Was 'n besonderse jaar vir die Percheron Ras in Suid Afrika. Lees meer oor die eerste Percheron Provinsiale Kampioenskap by Horse of the Year 2011, die beplande Percheron Inligtingsdag en die mees opwindende nuus is die aankoms van nuwe Percheron Genetika in meer as 48 jaar!!**

**Mag 2011 'n besonderse jaar vir alle telers, lesers en Percheron vriende in Suid-Afrika wees!!**

**Redaksie**

**Edition 3/2010-December**

## In this Edition

1. Uit die Redakteur se pen
2. Skou uitslae
3. Office & Admin/Kantoor
4. Uit die President se stal
5. Horse of the Year 2011
6. Percherons uit Frankryk
7. News from our members
8. New Members
9. Terugblik uit die Argiewe
10. Contact



# 2. Skou uitslae

**Pretoria Internasionale Skou** se Trekperdklas is op 3 September aangebied. Die beoordeelaar was Me Jackie Pappas. Baie Geluk aan Dream Big Percheron stoet wat veral met hul hings, Dream Big Lord Troy uitgeblink het. Dit was die eerste keer in die geskiedenis van dié skou dat 'n Percheron hings die General Breed afdeling gewen het. Deelsgeteelde Perde is ook vertoon. Baie dankie aan almal wat hul perde by die skou vertoon het.



**Elsenburg Mostert**

-KampioenTrekperd Hings.
-3rde plek-Show Riding Horse.
-3de Plek -Working Riding Horse.



**Elsenburg Morene**

-Kampioen Trekperd Merrie oor 3 jaar.
-Reserwe Kampioen Working Hunter.
-Reserwe KampioenWorking Riding.
-Reserwe Superme Champion & Victor Ludorum.



**Dream Big Master Bennett**

-Kampioen Junior Perd onder 2 jaar.



**Summerwind Diesel**

-Kampioen Reun perd & Kampioen Show Riding Horse

## Wes-Kaap

Die Trekperd Klas wat aangebied is op 30 Oktober is goed geondersteun. Baie Geluk aan Almarada Stoet se merries wat met die louere weggestap het. Mag dit die begin van groot Percheron skoue in die Wes-Kaap wees.

# 3. Office & Admin Kantoor

## Finances.

The Audited Financial Statements was mailed to all members.
Please notify the Secretary if you have not received it.

## DNA

Die Notule van die AJV van 2003 bevestig dat daar reeds tydens die vergadering konstitusionele wysiging moes plaasvind t.o.v Mikroskyfie en DNA verifiering. Die wysiging is reeds deur Stamboek in die Percheron Grondwet aangebring. Alle telers word dus nou deur Stamboek verplig om hul perde se DNA te laat aanteken, terugwerkend vanaf 2003. Indien geen DNA profiel van die ouers van 'n vul beskikbaar is nie sal die vul op die Stamboek stelsel as "Pending" vertoon. Geen Oordragte van "PEN" diere sal gedoen word nie. Die Lys van "Pending Registration" is saam met die Finansiele State en per e-pos op 8 Desember aan lede gestuur. Kontak die kantoor indien u dit nie ontvang het nie

## Dekkingsertifikate

Wanneer u gebruik maak van 'n Buite hings of dragtige merries verkoop moet 'n dekkingsertifikaat saam met die geboortekennisgewing ingestuur word. Indien geen dekkingsertifikaat ontvang is nie, sal die perd ook as "Pending" aangedui word. 'n Voorbeeld kan vanaf die kantoor aangevra word.

## Keurings

Die Tydelike Keurings het baie goed verloop. Gekeurde Perde se inligting is nou op leêr en die administratiewe proses verbonde aan die keurings blyk 'n sukses te wees. Dankie vir die positiewe terugvoer wat ontvang is van die lede wat hul perde laat keur het.









# 9. Terugblik uit die Argiewe

**Die Voorsittersrede van wyle Mnr P.C.Naude, per hand geskryf op 7/10/1981, het my vir 'n wyle laat stilstaan en besin oor dit waarmee ons as Percheron Telers besig is. Dit is my wens dat die "Gees en Gesindheid" van hierdie Percheron Reus in elkeen van ons as Stoettelers sal voorbestaan- Mnr Johan Henning, Summerwind Stoet**

Percheron Perde Telers Genootskap 7/10/1981

Dit is andermaal my voorreg om kommentaar te lewer oor die werksaamhede van nog 'n jaar. Waar ons al moeilike jare gehad het, is dit nou aangenaam om te kan opmerk dat dit wil voorkom of beter tye vir ons aanbreek en met volgehoue pogings en toewyding tot ons bedryf, kan ons dan met vertroue die toekoms tegemoet gaan.

Weereens is daar 'n aansienlike verbetering by geboorte-en registrasie syfers & alhoewel die getalle nog klein is, is die tekens baie bemoedigend. Ons taak vir die toekoms as stoettelers is om die redelike hoë standaard wat ons in die verlede tot stand gebring het, te handhaaf & verder te verhoog. Die reputasie wat die Percheron perd verwerf het om as die wêreld se beste trekperd bekend te word moet behoue bly.

Dit moet altyd die stoetteler se strewe & ambiesie wees om te verbeter op sy vorige prestasies deur sy kennis & ondervinding op die mees doeltreffende wyse te gebruik.

Daar is voldoende teel materiaal in die land om te voldoen aan die aanvraag & as ek mag wys op een tekortkoming by sommige van ons telers dan is dit dat te min aandag gegee word aan die ontwikkeling van jong perde. Dit moet besef word dat die eerste twee jaar in 'n perd se lewe die belangrikste is. Dit geld veral by jong hingste.

Inkomste & Uitgawes: Danksy die baie doetrefende hantering van ons sake deur Stoetveedienste & die besonderse belangstelling van Mnr. Du Plessis is ons finansies andermaal gesond & sluit ons af met 'n profyt van R212.00

Ten slotte my vinnige dank aan my mede raadslede vir hulle ondersteuning & ook aan alle ander lede vir hulle ywer & lojaliteit.

PC Naude.



Mnr Piet Naude was 'n Percheron liefhebber wat tot met sy heengaan kwaliteit perde geteel en verkoop het. Hy was Voorsitter vanaf 1961 tot 1982. Sy betrokkenheid by die Percheron Ras was van groot waarde, want nie alleen het hy perde geteel en verkoop nie, maar ook nuwe bloed ingevoer. In 1951 vertoon hy en sy seuns die Nasionale Grootkampioen Hings, Nomad Gourment en in 1958 na 'n besoek aan Frankryk voer hy die hings Kabyl uit die bekende Jean Delbeke stoet in. Die merrie Oui-Oui word ook uit Frankryk ingevoer. Hy het as beoordelaar op skoue sy plek volgestaan.

# 7. News from our Members

## Mortru Stoet



Annelies de Wet het met groot hartseer laat weet dat Almarada Nella op 8 maande geaborteer het. Die goeie nuus is dat Almarada Netta middel Januarie behoort te vul. Laat weet wanneer die vul gebore is!!

## Dream Big Percheron Stud

Dream Big Madam Mortisha se eerste vul is gebore! Baie geluk met die nuweling!!
Dream Big het Percherons te koop,kontak Mande 082 897 9975.

## Gemini Percheron Stoet

Gemini het perde te koop. Kontak Johan vir meer inligting: 082 650 7818

## Summerwind Stoet



Goeie nuus is dat Lora dragtig is van Sympa. Elsenburg Myrtle se vul word eersdaags verwag.Miskien 'n nuwe jaars baba!! Sympa is vertoon by die Arabiere se "Star Stallion", skouspel tydens PTA skou.

## Grootdraai Percheron Stoet

Gentle Giant Cordile het 'n merrie vul ryker geword. Baie geluk met die nuweling!

## Ursula Wearing

The Gelding, Waterford Turbo is for sale
Contact Ursula Wearing 0823283659

## Montago Stud



New members, Tim and Elanie Pullen sent in this exciting news!!
Montago's Sir Humphrey is now competing in Elementary Medium Dressage Levels in the Eastern Cape where he resides .Welcome and congratulations!!

## Celeste Coetzee



Sad news. Big Foot Eve died.
Sorry to hear about your loss

## Fern Hill Stud



Moira Edmunds has a Stallion for sale.
Contact Moira
082 553 1748

# 8 New Members

A Warm welcome to all our new Members

Baie welkom aan ons nuwe lede

| | |
|---|---|
| Montago Stud | Uitenhage |
| Desire van der Hoven | Pretoria |
| Fabel Stoet | Kimberley |





# 4. Uit die President se stal

Die Percheron Genootskap het groot veranderinge in 2010 ondergaan. Die bemarkingsmateriaal wat in die Landbouweekblad en in die HQ-tydskrif verskyn het, het 'n defnitiewe impak op die Perde-wêreld gemaak. Die Radio onderhoud op RSG het ook belangstelling geprikkel. Talle oproepe en e-posse is ontvang van belangstellendes, sommige voornemende kopers en ook ander Rasdirekteure wat hul opgewondenheid uitgespreek het, omdat die Percheron so prominent navore tree. 'n Hoogtepunt van 2010 was voorwaar die aankoms van die vier Franse Percheron Perde uit Frankryk. Die eerste vroulike diere in 50 jaar het weer hul hoefslag op Suid-Afrikaanse bodem laat klink.

Opwindende gebeure vir 2011 is die Gautengse Percheron Provinsiale Kampioenskap en die Inligtingsdag wat tydens die naweek van die Horse of the Year – Skou plaasvind. Die goeie nuus is dat Percheron perde op NAMPO 2011 vertoon gaan word.

Tydens die 2008 Elsenburg veiling is top perde opgeraap en kwaliteit diere was daarna moeilik bekombaar. In 2010 was Percherons meer geredelik beskikbaar, alhoewel daar 'n groter vraag na volwasse afgerigte perde bestaan.

My beste wense aan elke lid vir 2011.



Mag die jaar net vreugde en voorspoed inhou vir u en u gesin.

Percheron Groete,

Jan Engelbrecht

# 5. Horse of the Year 2011

The First Gauteng Provincial Percheron In-Hand Championship will be held in conjunction with the Horse of the Year Draught Class on the 18th of February 2011. Classes will be Young stock under 3 years, Stallion, Mares over 3 years and a Gelding class. Riding classes will be show riding, Working hunter and working riding. Carriage driving and a new Weight Pulling class will also be presented. Entries close on 10 Jan 2011. Contact Jan Engelbrecht for more information.



A Percheron Information day, hosted by the Percheron Society of SA, will be held on the 19th of February at the Summerwind Farm near Pretoria.

Topics such as Conformation, Showing the Percheron, and Breeding & Fertility in Draught Horses will be on the agenda.

The World renowned French Percheron Photographer, Jean-Léo Dugast will be visiting South-Africa in February to capture Percheron horses in action. Please take time to view his magnificent blog www.percheron-international.com.



**An example of his artwork.**



Jan and Jean-Léo Dugast, 2008

# 6. Percherons uit Frankryk

Franse bloed arriveer in Suid-Afrika





Met die invoer van die Hings, Sympa de Bellevue in 2009 was die droom om nog teel materiaal in te voer vêr in die vooruitsig. Binne 17 maande was nog 4 Percherons vanuit die Stamland op pad na Suid-Afrika. Mnr Johan Henning het Frankryk in Julie 2010 besoek en met sy terugkeer is perde aan voornemende kopers voorgelê. Al die perde is uit Top bloedlyne in Frankryk geteel en met groot sorg en oorweging uitgesoek. Twee hingste, Tennessy Cauvelliere en Unico de la From en twee merries, Victoire d'Ajain en Vanina de St Avit is ingevoer.





Op Maandagmiddag 22 November het die Percheron gees hoog geloop. Opgewonde telers, vriende, familie-lede en toeskouers het saam in afwagting vir die aankoms van die vier groot Percherons gewag.

Nadat die nodige dokumente voltooi is kon die jong mer-ries uit die kratte, hul hoewe op Afrika grond laat klink.





Weereens is daar geskiedenis gemaak. Die eerste vroulike diere uit Frankryk, in 50 jaar, word deel van Hannes van der Walt se Sterkfontein Percheron Stoet in Naboomspruit. Die laaste Franse merrie wat na SA ingevoer is, genaamd Lisa(265394 S.H.P.F), is deur Mnr P.C Naude en Seuns van Worcester in 1960 ingevoer.







Daarna was dit die hingste se beurt.

Na 14 uur se staan moes die bene gerek word en Unico de la From het beslis gesorg vir Percheron pret. Mafura Percheron Stoet, buite Leeudoringstad, het die hings Unico de la From gekoop en hy gaan deel uitmaak van 'n intensiewe teelprogram.

Die hings, Tennessy Cauvelliere maak die Summerwind Stoet, buite Pretoria sy nuwe tuiste.







Met Jaareinde wat vinnig nader gekruip het en besoektyd net op spesifieke tye, was die Kwarantyn tydperk vinnig iets van die verlede. Voor Kersfees het elke Stoet sy "Kersgeskenk" op Summerwind kom haal. Chan-tal, Sterkfontein Stoet se Plaas-bestuurder was baie opgewonde oor die twee nu-welinge.





Mafura Percheron Stoet se humorsin word deel van hul teelbeleid en










Summerwind se Tennessy Cauvelliere het sy eerste dag in sy kamp terdeë geniet.





Nuwe Genetiese teel materiaal is altyd moeilik bekombaar, maar met 'n droom in die vooruitsig, aktiewe lede wat 'n passie vir die Percheron Ras in Suid-Afrika het, is hierdie droom bewaarheid.

**Mag hierdie perde diep spore trap in die Percheron Ras in Suid-Afrika.**